Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 21 Nov 2018
Page: 2

AVE: 45256.57
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Tuks gee 35 jaar al nuwe glimlagte aan kinders

Marthinus Koekemoer

Die Universiteit van Pretoria (UP) se departement kaak-, gesig- en mondchirurgie het Vrydag 'n partytjie gehou om sy 35ste bestaansjaar te vier. Dokters, verpleërs, pasiënte en ouers het die geleentheid bygewoon.

Die fokus van die departement is veral babas en jong kinders en volgens dr. Sharan Naidoo, waarnemende hoof, is daar niks beter in die wêreld as om 'n glimlag op die gesig van iemand wat gehelp is te sien nie.

"Ek kan nie vir die personeel genoeg dankie sê nie," sê Naidoo.

"Hulle gee en hou aan met gee."

Sedert die UP die eenheid in 1983 op die been gebring het, is meer as 4 600 geregistreerde pasiënte gehelp.

"Ons het al mense van verskeie lande, onder meer Namibië, Zimbabwe en selfs die VSA en Australië gehelp," sê prof. Kurt Bütow, wat self 'n dokter is en die man wat verantwoordelik was vir die stigting van die departement in 1983.

"Ons handhaaf baie hoë standaarde," sê Bütow.

Genetiese en omgewingsfaktore of sekere soorte sindrome kan tot 'n gesplete lip of verhemelte lei.

"Voordat ons kan opereer moet ons die onderliggende redes vir die gesplete lip of verhemelte verstaan om seker te maak 'n operasie is wel die beste keuse vir die pasiënt," sê Naidoo, wat as 'n tandarts én chirurg gekwalifiseer is.

"Hierdie soort operasie is glad nie eenvoudig nie en een persoon kan soveel soos tien operasies in sy of haar leeftyd ondergaan."

Die Universiteit van Pretoria (UP) se departement van kaak-, gesig- en mondchirurgie het Vrydag sy 35ste bestaansjaar gevier. Links en voor is onderskeidelik Zaskia Botha en Lerato Linko, albei pasiënte. Langs Zaskia staan Lerato se ma Likhakanyo Tleru, dr. Sharan Naidoo, die waarnemende hoof, en prof. Kurt Bütow, wat die departement in 1983 gestig het. Foto: MARTHINUS KOEKEMOER

Zaskia Botha (13) is in Nelspruit met 'n gesplete lip en 'n gedeelte van haar neus gebore. Haar ouers was desperaat vir hulp.

"Suster Daleen du Plessis het van Pretoria af na ons toe gery om my en my ouers te help," sê Zaskia.

"My ma noem wat suster Daleen vir ons gedoen het die werk van 'n engel. Toe ek nog net enkele dae oud was het sy my ouers moed ingepraat."

Zaskia, wat nou in Centurion bly en by die huis skoolgaan, het al vier operasies ondergaan.

Die meeste hiervan was by die Wilgers-hospitaal, maar sy is steeds 'n gereelde besoeker aan die UP se departement kaak-, gesig- en mondchirurgie.

"Selfs nadat alle operasies en ander behandelings van 'n spesifieke pasiënt klaar is, bly ons steeds minstens een keer per jaar met so 'n persoon in aanraking."

Benewens die operasies wat reeds by die departement uitgevoer is, sê Naidoo hulle is ook verantwoordelik vir baie navorsing wat tot die veld en metodes wat in operasies gebruik word, bygedra het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.